**7 Desember** **Skrifgedeelte: Jesaja 30:8-18**
**Fokusgedeelte: NGB, Art 34**

## Die doop – dra die vaandel van God

Die doop is die teken dat God sy vlag oor jou gehys het. Hierdie vlag sê jy is God se eiendom en net Hy het die reg om in jou lewe te regeer. Hierdie vlag sê daarom ook iets oor jou identiteit en hoe jy in die lewe moet optree.

In ons Skrifgedeelte steur Juda hulle egter duidelik nie aan die identiteit wat hulle as volk van God het nie. Hulle het 'n nuwe vaandel van geweld en bedrog oor hulle lewe gehys en hulle vertroue daarin gestel (vers 12). Jesaja profeteer slegte gevolge: Hulle sal voortdurend bedreig word en aan die vlug wees (vers 16-17). Kort voor lank sal hulle sondewêreld op hulle instort (vers 13).

Dreigende ineenstorting, of wanneer dit voel of jy heeltyd aan die vlug is, beteken dit het tyd geword om 'n slag weer om te kyk na die vlagpaal op die berg Golgota, na die vaandel wat God daar gehys het. Oriënteer jou lewe volgens daardie vlag. Soos baie soldate al moed geskep het as hulle sien hulle vlag wapper nog, moet jy vandag aan jou doop terugdink. Die vlag wat God toe oor jou lewe gehys het wapper nog steeds!

Vind dus weer jou stille krag in dit wat Christus vir jou verdien het en vertrou op Hom! Leef God se identiteit vir jou lewe uit deur in alles Christus te volg. God is gretig om genade aan jou te bewys en Hy laat dit goed gaan met elkeen wat op Hom vertrou (vers 18). Stryk dus die vyand se vlag en laat daar in die geloofstryd geen wit vlag bo jou deur hang nie. Jy is immers gedoop!

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*